1ste span: Agter: Vincent Willemse, Henry Galloway, Guilliam Viljoen, Martin v Wyk, Marcel Forster, Hendrico Grebe, Sias Potgieter, Stephan Pretorius. Middel: Eugene de Waal, Dian Herbst, Kyle Allen, Nikki Botha, Dylon Allen, André Grobbelaar. Voor: Tim Metcalfe, Johnny Holm'ner, Jaques du Preez, mnr. Martin Rabie, Brendan Nel, Cobus Grobler, Jaco Grobler.

Die volgende seuns is opgeneem in die Heidelberg/Vereeniging/ Meyerton-span:
Buksie Stapelberg, Johnny Holm'ner, Jaques du Preez, Brendan Nel en Sias Potgieter

Bokkie-span seuns:

Jaques du Preez
Brendan Nel
Buksie Stapelberg
Guilliam Viljoen
Johnny Holm'ner
Jaco Grobler
Sias Potgieter
André Grobbelaar

DIE 1ste RUGBYSPAN SE TOER NA MARGATE

Dit klink vir my asof hierdie seuns sommer baie pret gehad het op die toer! Ek het met Vincent en Jaco gesels en hulle het my verseker dat daar beslis tyd was vir kattekwaad, swem en ontspantyd tussen die rugbyspelery. Alhoewel hulle een wedstryd verloor het, verseker hulle my dat die toer beslis die moeite werd was en dat hulle baie geleer het. Hulle wil graag hulle ouers, mnr. Rabie en ons Hemelse Vader dankie sê vir die geleentheid om op die toer te gaan. 'n Voëltjie het in my oor kom fluit van iemand se biltong wat in die oond weggesteek is en per ongeluk gaar geword het .....mmm ek wonder wat die Storie agter die storie is?

DEUR: Chantelle Greyling

Rugbyspeler van die Jaar:
Jaques du Preez, Sias Potgieter, Brendan Nel

Beste Posisionele speler van die jaar:
Buksie Stapelberg

Mees ontluikende speler van die jaar:
Guilliam Viljoen

Rugby Bondedae

1ste Span: Op 31 Julie en 1 Augustus neem Laerskool A.G. Visser se 1ste rugbyspan deel aan die Bondedag vir Laerskole wat gehou is te Klerksdorp. Ons gaan tuis by Wawielpark vakansieoord en kuier baie lekker saam. Hierdie "YSTERSPAN" eindig met 'n algeheel 6de plek uit 12 skole. Hierdie seuns hou hulle skool se naam hoog en speel skitterrugby.

o/11 Span: Gedurende die naweek van 24 en 25 Julie neem die o/11 rugbyspan van Laerskool A.G. Visser deel aan die Bondedag te Krugersdorp. Die span vaar baie goed deur algeheel vierde te eindig van die 12 skole wat deelgeneem het. Die span lewer 'n paar verrassings deur skole te klop wat as gunstelinge beskou was. Die seuns speel baie goeie rugby en sluit ook die seisoen baie geslaagd af.

Ons ouers verdien 'n groot klop op die skouers. Julle ondersteuning kan nie oortref word nie. Vissieland is voorwaar trots op hierdie 2 spanne!! *Tim Metcalf*